Sondag, 11 Oktober 2020
Koninkrykstyd

God kom na óns toe, gee lewe, open ons oë en skenk hoop – vertrou Hom!

"Die Engel van die Here het aan haar verskyn en vir haar gesê: 'Jy is nou kinderloos, maar jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring. Jy moet jouself goed oppas, ... want die kind sal van sy geboorte af tot met sy dood aan God gewy wees.' ... Toe sê sy vir haar man: 'As die Here ons wou doodmaak, sou Hy nie ons offer aangeneem het nie. Hy sou ons ook nie hierdie wonderlike ding laat sien het en ons vandag hierdie nuus meegedeel het nie.'"
(Rigters 13:3-4, 7 en 23)

Dit is lente en Koninkrykstyd in hierdie geweldige jaar, 2020. Waarom lewe ons in hierdie tyd? Waarvandaan sal daar vir ons hulp kom? Waar vind ons 'n weg vorentoe? Deur die afgelope weke het ons die verhale in die boek Josua gelees en ontdek: 'n weg vorentoe loop langs die woord(e) van God vir 'n gelukkige lewe (Josua 1:7); loop deur ruimtes van God se teenwoordigheid waar die verbondsark van *"die Here van die hele aarde"* voor ons uitgaan (3:3-4, 11); is te vinde in 'n gesprek met God, die *"raadpleeg van die Here"* en sy Gees (9:14); en die weg vorentoe is een waarop ons almal sáám met God gaan; Hy is weerskante van al die verdelingslyne teenwoordig (22:22-23)...

Maar lees ons die boek Rigters oor die volgende ± 200 jaar in Israel se geskiedenis, vind ons daarin 'n tragiese refrein: Israel vergeet van dié Here, verdwaal van Sy weë, doen wat verkeerd is in Sy oë, beleef verdrukking deur 'n vyand, roep dan benoud tot God en stuur Hy 'n leier om hul te bevry. Leiers soos Debora by die palmboom en met haar psalm (Rigters 4 en 5) en Gideon bang aan't wegkruip van die Midianiete, *"... as die Here by ons is, waarom gaan dit so sleg met ons?"* (6:13). Teen die tyd van Jefta (± 1 100 v.C.) word dit nog duideliker: Wanneer die band met God verbrokkel, val onderlinge verhoudinge uiteen en word dit 'n stryd van elkeen vir homself, oorlewing van die sterkste, broer teen broer (11:2-3; 12:4-6). En tóg laat klink die Rigtersverteller telkens tussen ál hierdie stemme vol haat en nyd, 'n stem van redelikheid op, daardie keer 'n jongmeisie net bekend as "dogter van Jefta". Sy herinner haar pa (én ons) dat wanneer jy jou woord aan die Here gee, dan rig sy Woord jou gedagtes en lewensweg; ja, dan weerklink sy Woord in óns woorde (11:36)... Anders, gaan dit sleg...

Ja, selfs nóg slegter: Israel het 'n samelewing teen 'n hellende vlak geword, aan't weggly na onheilspellende donkertes van *"verkeerd doen in die oë van die Here"* (13:1). En dan tóg weer, onverwags daag die Engel met die onuitspreeklik wonderlike Naam op in die lewe van 'n gelowige, kinderlose egpaar en laat beleef hul dat God na húlle toe kom, hul oë open en aan húlle die boodskap van hoop en lewe gee. Die man bid: *"Here, leer ons wat om te doen..."* (13:8). Die vrou sê: *"Die Here gee aan ons lewe..."* (13:23). Ag, as hul seun maar in dáárdie gees sou wandel... en tóg, die Gees het by hóm gebly (13:25, 14:6, 14:19, 15:14). Dit sou soveel anders kon afloop, as hy net sou onthou wie hy is en aan Wie hy behoort; eerder sou bid dat daardie Gees hom sou lei... Sal ons?

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is ook vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

Eredienste vandag en volgende Sondag:

Sondag, 11 Oktober 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens)
Sondag, 18 Oktober 09:30 – ds.Johan Marais

Vir volgende Sondag, 18 Oktober, nooi ons lidmate uit **Wyke 1-9** om die oggenddiens by te woon. Lidmate wat nie in die afgelope 14 dae positief getoets is vir Covid-19 of in kontak met so-iemand was; wat nie tipiese griepsimptome, erge moegheid of naarheid beleef en wat nie ly aan ko-morbiditeite soos diabetes nie, is welkom om die erediens by te woon. "Besprekings" nie meer nodig, maar onthou wel jou masker!

LITURGIE

Intredelied: "Dona Nobis Pacem" (Lied 178)

Aansteek van wydingskers: Tannie Sunita Keyser

Votum en seëngroet

Loflied: "Laat ons met ontsag Hom noem!" (Psalm 111:1, 3 en 4)

Skriflesing: Rigters 13:1-9 en 21-25
Rigters 16:28-31

Kinderverhaal

Gebedslied: "Laat, Heer, u vrede deur my vloei" (Lied 284:1 en 3)

Prediking

Toewyding: "Laat, Heer, u vrede deur my vloei" (Lied 284:2 en 3)

Gesamentlike gebed: "Here, God van vrede..."

Slotlied: "'n Vaste burg is onse God!" (Lied 476:1 en Psalm 46:3)

Seënbede

Orrelnaspel: "Ein feste Burg ist unser Gott" (Ps. 46, Gordon Young)

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:

U kan ‘n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur ‘n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van *Fokus*. Dit hou ons eredienste en ander bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons elke Sondag ‘n bedrag van R 1 000 aan ‘n betrokke instansie soos op ons program vir deurkollektes aangedui sodat húlle werk ook kan voortgaan. Vandag, 11 Oktober, is die deurkollekte vir die Sinodale Fonds vir Erediensnetwerke. Dankie vir jou bydrae en gebede vir die eredienste hier, maar ook elders in ons stad en provinsie...

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

11 Okt	Jared Gerber, Elphia J v Rensburg, Nicolaas Luwes en Dawie v/d Merwe.
12 Okt	Tian Joubert en Carla Loots.
13 Okt	Willem Bosman, Gerrit du Preez, Minya Engelbrecht en Hanno Erasmus.
14 Okt	Elise Ferreira, Margaret Kruger en Magdaleen Schoch.
15 Okt	Ansie Barnard, Stean du Toit en Ralie Poggenpoel.
16 Okt	Sakkie Botes, Hein Carstens, Marlene du Plessis, Lu-San Fourie, Elizna Gerber, Hanco Nel, Elizna van Niekerk, Dirk van Zyl en Ebeth Wilson.
17 Okt	Divann du Plooy, Juan J v Rensburg, Elsie Strauss, Rubin van Heerden, Sarie van Rensburg en Johannes van Rooyen.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Jan Swanepoel (Villa del Sol 5, wyk 11b); Tannie Reneé v/d Walt (Siësta, wyk 10); Karen Klindt (Genl. Hertzogstr. 84, wyk 3b); Brian Grimbeek (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a); Oom Josias Swanepoel (Welgedacht, wyk 20b); Andrew en Christine Murray (Albrechtstr. 99, wyk 2a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Mietzie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a) en Beatrice Carshagen (wyk 12). Ons bid steeds om die beskerming van God terwyl Covid-19 lewens bly bedreig; ons bid vir beterskap en herstel by almal en orals waar dit ‘n beproewing was of steeds is...

As gemeente en orals in die NG Kerk Vrystaat, bid ons hierdie week moedig in
téén die hernieude vlaag van geweld en bloedvergieting wat oor ons land woed,
op plase en in arm woonbuurte, geweld teen weerlose mense;
ons bid vir alle slagoffers daarvan;
ons bid vir uitkoms en geregtigheid, leierskap en kalmte;
en ons bid dat die siekte van korrupsie sal wyk
en ons vertroue in mekaar sal kan herstel.
(hieraan herinner ons kerk se klokgelui hierdie week ons daagliks om 12:00)

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.

‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die kleinprofeet **Nahum**. ‘n Kort video (3 min), werksbladsy en stemboodskap met meer inligting word Woensdagaande

per whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. As jy hierby wil inskakel, stuur 'n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362. Almal welkom!

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 9 (Blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (Blok suidwes van Johieshof) is in Oktober verantwoordelik vir ons gasvryheid, sorg en omgee. Indien u hierby betrokke wil raak, kontak vir Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder – dankie.

Kantoorure:

Maandae, 09:00-12:00	Rita van Zyl
Vrydae, 09:00-12:00	Adri van den Berg

Alle personeellede is deurgaans per epos of selfoon bereikbaar.

BEDIENINGE

JEUGBEDIENING
Kategese:
Vanoggend is ons jonger kinders (Voorskools tot Graad 5 en Graad 10) terug by die kerk vir hul kategese – ons is baie bly om julle te sien! Ds. Johan kamp met sy belydenisgroep (Gr. 11) op Menuha. Volgende Sondag is dit weer al die Seniors se beurt. Met dank aan ons moedige kategete!

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Klere vir Morgan se seuns: Indien iemand klere het vir twee seuns (7 & 9 jaar oud) van Morgan, ons motorwag – bring gerus na die kerkkantoor; ons wil hulle graag help.
Siësta Tehuis vir Bejaardes: Indien u 'n bydrae wil maak ter verligting van nood by Siësta, kontak Hannah Geyser (084-767-2817) of ds. Jan (082-784-9362).

Christa van Heerden, van **ENGO** (maatskaplike dienste), het laat weet:

"Baie dankie vir die gereelde betaling van Berg-en-Dal se bydrae; ook die R 10 000 wat ons in September ontvang het. Asook al die ekstras wat ons van julle kry. Dit red ons, veral as dit by noodsaaklike kinder-assesserings kom waarvoor ons geen begroting het nie."

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

SnapScan

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.